Dit jubel met kerkliedere

***Pieter Malherbe** is leraar van die gemeente Witbank.*

Wanneer oor vernuwing in die gemeente gepraat word, dink mense dikwels instinktief aan sang en musiek. As ons nuwe lewe kan blaas in ons sang, sal die jeug meer tuis voel en lidmate die eredienste meer geniet.

Natuurlik is dit nie vergesog nie – die regte musiek op die regte tyd het 'n opbouende invloed in 'n gemeente. Maar dis nie so eenvoudig nie.

Nuwe liedere en ritmiese begeleiding is nie 'n towerformule wat woema in 'n gemeente blaas nie. Talle gemeentes kan getuig hoe hulle hulle vingers verbrand het deur sommer weg te spring met 'n *band* en nuwe liedere. Jongmense word nie so maklik met nuwe klanke, ritmes en woorde oorgehaal nie. Dit moet hulle binneste roer en hulle moet hulleself daarmee in hulle kultuur, idioom en omstandighede kan identifiseer.

Sang en musiek is 'n wesenlike deel van die erediens. Wanneer ons opmerk hoe prominent musiek deur die moderne media tydens films en advertensies gebruik word, is dit geweldig belangrik om sang en musiek gedurende die erediens effektief aan te wend. Dit kan die regte atmosfeer skep en mense in die regte stemming bring met die oog op 'n spesifieke aspek van ons ontmoeting met God. Daarom behoort die erediens deur sang en musiek gedra te word en moet dit nooit as bloot 'n item op die liturgiese spyskaart beskou word nie (Pieterse 2006b:1).

Verskillende generasies se voorkeure ten opsigte van aanbidding moet ook nie misgekyk word nie.

Die *millenials* wil *medleys* sing met herhaling van nuwe koortjies. Hulle verkies 'n meer intieme aanbiddingstyl met liedere waarmee hulle in gesprek met God kan tree.

Die *boomer*-generasie verkies lewendige, harde musiek wat hulle beskryf as die *celebration of God*.

Van die ouer generasies hou daarvan om meer formeel oor God te sing – elke strofe moet verkondiging bevat.

Kerke wat verskeie generasies saam bedien, moet moeite doen om in almal se behoeftes te voorsien. Fokus op kwaliteit en sensitiwiteit. Vermeng verskeie style sodat die oue en die nuwe harmoniseer. Dit is ook noodsaaklik om die verskillende generasies te leer om sensitief te wees vir mekaar se behoeftes en om mekaar se voorkeure te respekteer.

Die afgelope paar jaar bied FLAM (*Funky Liedere vir 'n Aan die brand Musiekbediening*, vgl www.flam.co.za) en VONKK *(Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek*,vgl www.vonnk.co.za*)* kosbare forums vir die ontginning van nuwe liedere en die herontdekking van bekende liedere (Liedboek-liedere uitgesluit). Dit bied 'n ontvanklike forum vir komponiste wat nuwe liedere komponeer.

Al die werksaamhede van FLAM en VONKK vorm deesdae deel van Bybel-Media se mediaprojekte, en begroot dié organisasie gevolglik daarvoor.

Die personeel van FLAM en VONKK sluit predikante en musiekleiers in wat liedere met kundigheid kan beoordeel. Komponiste word ook van advies bedien om aanpassings aan die melodie of teks aan te bring wat dit meer geskik vir gemeentesang sal maak.

Liedere kan elektronies afgelaai word in onder andere bladmusiekformaat of selfs in *PowerPoint*-formaat. 'n Belangrike beginsel wat FLAM en VONKK by gemeentes vestig, is dat erkenning aan die outeurs van liedere gegee moet word deur die betaling van tantièmes. Gemeentes kan dit doen deur jaarliks lisensiegeld aan CCLI (*Christian Copyright Licensing International*) te betaal. Dié onkoste word bereken op grond van die aantal liedere wat afgelaai is en die aantal lidmate wat in die gemeente is.

Van die nuutste toevoegings tot FLAM se inhoudsopgawe is liedere wat ingeskryf is in die Oostelike Sinode se 2009 Liedjieskryf-kompetisie. Hartlik geluk aan die wenners! Hulle is:

- FLAM: Renthia Brits met "U's my Vader"
- KRUISFUUR: Nedine Blom met "Ek kyk op na die berge"
- FLAMMIKIDZ: Johan Joubert met "Hop"
- KERSFLAM: Hannes Bosman met "Halleluja"

Laai dit gerus af by (www.flam.co.za).

VONKK spog ook met 'n paar nuwe toevoegings. Laai gerus die volgende liedere af by (www.vonkk.co.za):

- "Kom, Heer Jesus, en wees u ons Gas"
- "Ek het die Here lief";
- "Daar is niemand soos U, Here God"
- "Wees bly en loof die Heer".

Die Diensgroep vir Aanbidding van die Oostelike Sinode beplan om weer 'n Liedjieskryf-kompetisie te loods om saam te val met die sitting van die Oostelike Sinode in 2012. Besonderhede sal mettertyd bekendgemaak word.

"Kerke wat verskeie generasies saam bedien, moet moeite doen om in almal se behoeftes te voorsien. Fokus op kwaliteit en sensitiwiteit."